

HG STOKER SE UITEENSETTING VAN DOOYEWEERD SE TRANSCENDENTALE METODE EN SY KRITIEK DAAROP

2.1.6.1

DOOYEWEERD: TRANSCENDENTAL PROBLEMS OF PHILOSOPHIC THOUGHT

Hoofgedagte van Inleiding

Wetenskaplike (en dus ook wysgerige) denke (teoretiese denke) mag nie bevooroordeel en dus subjektief wees nie; maar sonder bo-teoretiese of voor-teoretiese veronderstellings is hierdie denke nie moontlik nie. Die transendentale ondersoek of metode wil deur die denke self te ondersoek deurdring tot sy voorwaardes, sy bo-teoretiese veronderstellings. Daarom nodig skerp onderskeid van teoretiese en bo-teoretiese oordele. Van hieruit moet die dogma bestry word dat die denke outonoom, selfgenoegsaam is en nie deur bo-teoretiese oordele gelei word nie. Met sy transendentale metode het Dooyeweerd die inner point of connection gevind tussen religie en wetenskaplike teorie. Om van bo-teoretiese veronderstellings of oordele uit te gaan, d.w.s. om uit te gaan van die diepere religieuse gegrondheid van die wetenskaplike denke, maak dit nie wetenskaplik nie. Maar juis omdat die teoretiese denke van sy bo-teoretiese oordele afhanklik is en daardeur gelei word (soos uit die invloed van die transendentale idee blyk) kan jy 'n ander wat hierdie veronderstellings verwerp, nie teoreties oortuig nie. Hier kan Dooyeweerd self hom net op Gods Woord beroep.

Hoofstuk I: Kritiek op die dogma van die outonomie van die rede en die moontlikhede van 'n transendentale kritiek van die wysbegeerte

As student die geskiedenis van die wysbegeerte studeer dan verwar hom die onenigheid tussen die wysgerige skole. Dit ontstel hom omdat al die skole te kenne gee dat hulle op teoretiese en wetenskaplike beginsels gegrond is en die beginsel van die outonomie van die rede handhaaf.

Dit laat die vraag ontstaan of teoretiese beginsels wel die ware standpunt van die skole is en of die wetenskaplike denke nie dieper wortels as die bloot teoretiese het nie.

Om hierop te antwoord dat filosofie eintlik wêreldbeskouing en dus subjektief is, terwyl die empiriese vakwetenskappe objektief is, gaan nie op nie, o.a. omdat elke empiriese wetenskap uitgaan van 'n teoretiese opvatting van die empiriese realiteit en hierdie opvatting juis 'n wysgerige probleem is. Die doel van wysbegeerte is nie vakwetenskaplik nie, maar totaliteitsdenke.

DIE TRANSCENDENTALE VRAAG: Hoe is wysbegeerte as 'n teoretiese aangeleentheid moontlik; m.a.w. onder watter universele en noodsaaklike voorwaardes is wysbegeerte moontlik? Dit is 'n radikaal kritiese probleem. Ons het hier te doen met die "wese" van die teoretiese denke as sodanig, met die noodsaaklike voorwaardes of veronderstellings van die teoretiese denke self te doen.

Hiermee het ons nie subjektiewe vooroordele op oog nie (wat in elke wysgerige stelsel verskil), maar as die denker hom nie van die ware aard van sy subjektiewe vooroordele rekenskap gee nie en sy vooroordele as wetenskaplik uitgee, dan is hy dogmaties en onkrities. Bv. Kant, wat juis krities wou wees, ondersoek nie krities nie, sy veronderstelling aangaande die outonomie van die rede, ens. (Lees hulle na) en juis hierdie veronderstellings moet Kant ondersoek as hy waarlik krities wil wees. Al dergelike dogmatiese veronderstellings word gesamentlik bepaal deur 'n basiese veronderstelling of bo-teoretiese oordeel wat ontmasker moet word. Om Kant se kenteorie ontologies te fundeer help nie, want ontologie is 'n "logie", en hierdie logie of kennis duik dieselfde transendentale vraag na die voorwaardes van die teoretiese denke op. Dooyeweerd toon aan dat ook die fenomenologie uitgaan van onkritiese aanvaarde bo-teoretiese veronderstellings wat nie krities ondersoek word nie. SOLANK AANVAAR WORD DAT DIE

TEORETIESE DENKE AS SODANIG GEEN PROBLEEM BEVAT NIE EN DAT HIERDIE DENKE OUTONOOM IS, is daar geen plek vir 'n werklik transendentale kritiek van die denke nie EN DIT IS DOGMATIES EN ONKRITIES. Dit is verkeerd om die outonomie van wysgerige denke as 'n teoretiese aksioma te postuleer. Hierdie sogenaamde aksioma moet krities ondersoek word.

Dat in die aksioma van die outonomie van die denke 'n probleem skuil blyk daaruit hoe verskillend die postulaat veronderstel en aanvaar is in die Griekse denke, in die Thomisme en in die moderne humanisme.

Slotsom: die postulaat van die outonomie van teoretiese denke herberg 'n basiese probleem van transendentale karakter en hierdie postulaat kan daarom nie 'n geskikte uitgangspunt vir transendentale kritiek van enige moontlike wysbegeerte wees nie. Ons moet transendentaal-krities die teoretiese houding as sodanig ondersoek insover dit binne die kader van die wysbegeerte moontlik is. In 'n radikaal kritiese houding moet ons ons teoretiese denke rig op sy noodsaaklike voorwaardes of veronderstellings wat in die struktuur van die teoretiese denke self bevat is en soos hulle deur hierdie struktuur gepostuleer word.

MAAR, HIERDIE TRANSCENDENTALE KRITIEK OP DIE TEORETIESE DENKE IS SELF NIE SUIWER TEORETIES OF WETENSKAPLIK NIE, maar bo-teoreties; anders sou hierdie kritiek self weer die postulaat van outonomie van die denke veronderstel het en waardeloos wees. Maar omdat elke wysbegeerte van bo-teoretiese oordele uitgaan sal hierdie transendentale kritiek die subjektiewe karakter van die wysgerige veronderstellings bloot lê, wat ook nie anders kan nie omdat wysgerige denke in die grond van die saak 'n denke van 'n subjek is, subjektiewe veronderstellings wat m.b.t. hul inhoud nooit mag deurgaen as algemene en noodsaaklike voorwaardes vir wysbegeerte nie. Maar al eindig ons hier met die verskillende subjektiewe uitgangspunte van die verskillende wysbegeertes, HULLE GEE 'N ANTWOORD OP 'N SUBJEKTIEF APRIORISTIESE WYSE OP DIE BASIESE WYSGERIGE VRAE wat met die algemene struktuur van die teoretiese denke self gegee is en deur geen wysbegeerte ontduik of vermy kan word nie.

AAN HIERDIE SKEUR VAN 'N FUNDAMENTELE RELATIVISME KAN ONS SLEGS ONTKOM AS ONS TRANSCENDENTALE KRITIEK 'N ABSOLUTE WAARHEIDSKRITERIUM HET waaraan elke subjektiewe veronderstelling getoets word. HIERDIE MAATSTAF VIND ONS IN GODS WOORD. Hierdie maatstaf kan nie suiwer teoreties wees nie, maar is by ons (en by ander, as hulle dit sou glo) bo-teoreties.

M.a.w. suiwer teoretiese denke uitgaande van die outonomie van die denke nie meer moontlik is nie dan is 'n suiwer teoretiese waardering van wysgerige denke nie meer moontlik nie.

Wat laaste gedagtes betref: Elke wysbegeerte rys in bo-teoretiese veronderstellings. As ons hulle by elke wysbegeerte aantoon blyk dat elke wysbegeerte 'n eie subjektiewe uitgangspunt het. Was dit die laaste woord, dan heers relativisme, dan is waarheid relatief; elke wysgeer het sy eie waarheid. Maar as mens 'n absolute maatstaf het, soos ons Gods Woord, dan kom ons bo die relativisme uit. In elk geval in sy grondslae is geen wysbegeerte suiwer teoreties bewysbaar nie of weerlegbaar nie; sy veronderstellings gaan die mag van die rede te bowe. Die rede is nie outonoom nie.

Hoofstuk II: Metode van Transendentale Kritiek

GROOT DELE HIERVAN bied Spier, nie net m.b.t. oor die leer van kennis nie, maar wetkskringleer, universaliteit in eie kring, subjek-objek-leer, struktuurleer. Dooyeweerd se wetkskringleer lees in Engels nogal interessant.

LEES DELE WAT OOK BY SPIER DEEGLIK EN INTENSIEF

- A. Ek vat (1) en (2) saam, nl. (1) Volgens watter kenmerke kan wetenskaplike en voorwetenskaplike denke onderskei word? en (2) Waarvan abstraheer wetenskaplike denke en hoe is hierdie abstraksie moontlik?

A.a Die naiewe ervaring van die voorwetenskaplike denke (-voorteoretiese denke) is 'n ongebroke eenheid, 'n geheel van 'n samehangende verskeidenheid. Ons tref daarin aan 'n vervlegting van 'n konkrete verskeidenheid wat ons (met ons teoretiese of wetenskaplike ondersoek) as bv. wetskringe (aspekte) en individualiteitstrukture as sodanig leer onderskei. In my naiewe ervaring (common experience) vorm my logiese denke (voorteoretiese denke) daarvan 'n innerlike 'deel' (my woord) konkreet vervleg met al die ander verskeidenheid; Dooyeweerd sê ook wel dat my denke sig enstaties in my naiewe ervaring bevind. In hierdie samehang van my naiewe ervaring tref ons orals die subjek-objek-relasie aan – ook wat betref die logiese subjek en logiese objek.

A.b Nou kom ek met my teoretiese (=wetenskaplike) denke. Ek abstraher 'n aspek, bv. die biotiese of die psigiese en 'beskou' die gegewens van my naiewe ervaring in die lig van hierdie aspek, soos ek dit teoreties geabstraher, teoretiese op homself gestel het bv: die biotiese as die biotiese, die psigiese as die psigiese. So abstraher elke bepaalde wetenskap sy betrokke veld van ondersoek uit die naiewe ervaring en stel dit op homself. WAT HET NOU GEBEUR? My denke bevind hom nie meer enstaties in die naiewe ervaring, maar daar het 'n afstand gekom tussen my teoretiese denke oor die geabstraherde veld van ondersoek en my naiewe ervaring; my teoretiese denke staan distansies teenoor die naiewe ervaring. EN VERDER? Deur hierdie abstraksies het die teoretiese denke elke veld afsonderlik gestel, m.a.w. die verskillende velde (aspekte, modaliteite, wetskringe) uiteengestel. MAAR NOG MEER. Deur hierdie abstraksie van die veld van ondersoek uit die naiewe ervaring en deurdat hierdie veld van ondersoek op homself gestel is, stel ek dit teenoor my teoretiese (wetenskap-) denke: en hierdie iets wat teenoor my denke gestel is, is nie meer 'n objek nie, maar 'n Gegenstand. In die naiewe ervaring bestaan logiese objekte: teenoor die teoretiese denke staan Gegenstande, bv. die psigiese of die biotiese soos ek dit abstraherend van die naiewe ervaring aftrek en op homself stel, teenoor my stel as veld van ondersoek.

A.a/b Voorteoretiese denke is ENSTATIES met die verskeidenheid van die naiewe ervaring vervleg, SONDER abstraksie, uiteenstelling en teenoorstelling, maar konkreet en met subjek-objek-relasie gegee.

MAAR teoretiese (wetenskaplike) denke is DISTANSIES (afstand skeppend t.o.v. naiewe ervaring) ABSTRAHEREND, UITEENSTELLEND, TEËSTELLEND (antiteties), GEGENSTANDSVORMEND (= TEENOORSTELLEND), waarby subjek-objek-relasie deur teoretiese denke en Gegenstand vervang word.

DIT IS DIE EERSTE WAT 'N TRANSCENDENTALE ANALISE VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE TEORETIESE DENKE ONS LEER: DIE EIGENAARD VAN DIE TEORETIESE DENKE in onderskeid van die voorteoretiese denke in die naiewe ervaring.

A.c Naiewe ervaring (common experience) is uitgangspunt vir teoretiese denke. Die teoretiese denke abstraher van die naiewe ervaring.

A.d ONTHOU moet word dat relasie van TEORETIESE (abstraherende, uiteenstellende en teenoorstellende) DENKE MET SY GEGENSTAND (die geabstraherde, teenoor die teoretiese denke gestelde) geheel en al nie dieselfde is as die relasie van SUBJEK EN OBJEK in die naiewe ervaring (wo. logiese subjek en logiese objek) nie. Die naiewe realisme wil hierdie onderskeid nie sien nie. Maar ook die NAIWE REALISME is 'n teorie, is wetenskap, het met GEGENSTANDE TE DOEN: terwyl die naiewe ervaring self GEEN TEORIE oor die realiteit is nie. Die naiewe ervaring aanvaar realiteit as 'n datum. HIERVAN abstraher die teoretiese denke, ook die naiewe realisme as teoretiese denke.

B. Ek vat (3) en (4) saam, nl. (3) Vanuit watter uitgangspunt kan mens 'n integrale en wel sintetiese visie vorm wat die onderskeie aspekte saamvat, daardie aspekte (modaliteite, velde van ondersoek) wat die teoretiese denke uiteengestel het en as teenstande teenoor hom gestel het? ANTWOORD: SELFKENNIS. (4) Maar hoe is selfkennis moontlik en van watter aard is dit? (Ek vat (3) en (4) saam, omdat slot van (3) al oor selfkennis begin handel).

DIE PROBLEEM IS DIT: DIE TEORETIESE DENKE (deur sy abstraherende werksaamheid) het nou die verskeidenheid uiteengestel, antities teenoor mekaar gestel. Gebiedende noodsaak is nou dat hulle weer verbind word, die probleem van SINTESE. Hoe geskied hierdie sintese. Dooyeweerd toon aan dat die sintese nie deur die denke self kan geskied nie, maar moet geskied deur iets wat daaragter is, nl. die ek of die self of die hart. DIT IS SY TWEDE PROBLEEM met sy transendentale kritiek (eerste was ANTITIESE: onderskeiding, uiteenstelling, teenoorstelling; en tweede is: (SINTESE)).

- B.a Teoretiese denke kan nie by Gegenstandsrelasie (DIE ANTITIES UITEENGESTELDE EN AAN DIE TEORETIESE DENKE TEENOORGESTELDE) bly staan nie. DAAR MOET WEER 'N SINTESE KOM, maar hoe? Dit is die KERNPROBLEEM. In die Gegenstandsrelasie het ons twee terme: (i) die teoretiese denke self en (ii) die Gegenstand (die geabstraheerde veld van ondersoek, die geabstraheerde aspek, modaliteit of wetskring): bv. (i) teoretiese denke oor (2) die psigiese of die biotiese, ens..

DIE UITGANGSPUNT VAN DIE SINTESE (d.w.s. van die TEORETIESE en die NIE-TEORETIESE, nl. die aspekte, bv. die psigiese of die biotiese) MAG NIE IN EEN VAN DIE TWEE TERME GESOEK WORD NIE. (DIT spreek vanself: want as dit tog so geskied beteken sintese herleiding van die een na die ander, terwyl hulle tog radikaal onderskei – antities – is: die sintese moet geskied deur iets (die self) wat dieper lê as hierdie onderskeiding).

- B.b Tog trag die wysgerige denke die sintese deur een van die twee terme te laat bepaal: bv. die huidige wysbegeerte, met sy denkoutonomie, wil die sintese deur die denke laat verrig: maar daarmee word verskeidenheid vernietig. Elke poging om die sintese deur een van die twee terme te laat bepaal, verval in 'n 'Isme' (logies-isme, rasional-isme, psigolog-isme, vital-isme, ens.).

Al hierdie standpuntverskille (-ismes) bring die wysbegeerte in verleentheid. En hierdie verleentheid werk tot in die vakwetenskappe. Hierdie verleentheid veroorsaak deur antitiese struktuur van die teoretiese denke self. (Die antitiese nl. van die TEORETIESE DENKE of die NIE-TEORETIESE, bv. die psigiese, die biotiese, ens.).

- B.b.i Hierdie ismes is onkrities (d.w.s. ondersoek nie krities hul eie uitgangspunt en die struktuur van die teoretiese denke self nie). Want eerstens (as jy van een van die terme uitgaan dan verval jy in ismes, in verabsoluttering van die betrokke term) gee die antitiese relasie van die teoretiese denke geen grond vir die verabsoluttering nie en bowendien waar een van die twee terme verabsoluteer word tree antinomieë in (vgl. voorbeelde).

En tweedens duik in elke ISME die basiese probleem van teoretiese sintese opnuut weer op; m.a.w. 'n isme-standpunt het nog nie op die grondprobleem van die sintese geantwoord nie. En mens moet nie dink dat dit alles net 'n wysgerige probleem is nie, want elke vakwetenskap word deur die vraagstuk geraak soos blyk uit vakwetenskaplike ismes beïnvloed die hele betrokke vakwetenskap self. Hierdie vraagstuk gaan vakwetenskaplike bevoegdheid te bowe, want hier is nodig 'n totaliteitsgesigspunt van al die aspekte (modaliteite, wetskringe), iets wat meer as vakwetenskaplik, d.w.s. wysgerig is.

- B.b.ii MAAR VOORDAT ONS VAN DIE VERKEERDE SINTESE (wat van een van die twee terme van die Gegenstandsrelasie uitgaan) het sy gevolglik ISME afstap, HOE IS HIERDIE ISME MOONTLIK?

DEUR DIE BEGINSEL VAN UNIVERSALITEIT IN EIE KRING. (Elke wetskring weerspieël met antesipasies en retrosipasies al die ander).

OM DIT AAN DIE VERSTAND VAN DIE LESER TE BRING, GEE DOOYEWEERD EERS sy psigiese om by die logiese) en iets van sy leer van individualiteitsstrukture. NADAT HY DIE MOONTLIKHEID VAN ISMES DEUR UNIVERSALITEIT IN EIE KRING VERKLAAR HET,

keer hy tot sy oorspronklike probleemstelling terug, nl. HOE IS SINTESE MOONTLIK? (So tussen hakkies: Dooyeweerd gee hierdie ekskursie in sy Wetskringleer ook terwille van die breër verband, die agtergrond van die teoretiese denke en die net om te verklaar hoe ISMES moontlik is nie, al splits hy saak op laaste toe).

B.c Ons kan moeilik sê dat alle ISMES waar en reg is; ook dat een waar en reg is. Ons moet sê alle ISMES is verkeerd. MAAR NOU BLY PROBLEEM NOG ONBEANTWOORD.

As ons sintese nie vanuit een van die twee terme van die GEGENSTANDSRELASIE mag onderneem nie, VANUIT WATTER UITGANGSPUNT moet die sintese dan gesoek word? WAT tog IS VERANTWOORDELIK vir die sintese van die TEORETIESE MET die nie-TEORETIESE in ons teoretiese denke?

B.c.i Sokrates, Augustinus, Kant, e.a. het al die weg aangewys, al hoef ons ons nie net hul bewandeling van die reg te vereenselwig nie. WIE IS DIT WAT TEORETIES DINK? Jyself natuurlik. ONDERSOEK DAN JOU SELF (nie jouself nie, maar jou SELF, jou EK). IS DIT NIE DIE EK, die SELF, wat die vir die sintese verantwoordelik is nie, die EK of Self wat aan BEIDE terme van die GEGENSTANDSRELASIE transendent is, dit (en alle kosmiese verskeidenheid trouens) TRANSENDEER? (Tussen hakkies: Kant kry wat SELF nie in hande in sy kenteorie nie; self bly hier teoretiese ek: transendentale appersepsie: ek dink).

B.c.ii Dit is opvallend hoe OPVATTING van self en Godsidee korreleer. Aristoteles se opvatting van self menslike self (teoretiese denke) korreleer met sy Godsidee (denke van die denke) Leibnitz se opvatting van menslike self korreleer met Godsidee. Kant se opvatting van die menslike self (in sy Praktiese Rede) korreleer met sy Godsidee.

B.c.iii Dieper ondersoek toon aan dat SELFKENNIS in onverbreeklike korrelasie staan met KENNIS VAN God; dat selfkennis noodwendig religieus van karakter is; dat die SELF as konsentrasiepunt van sy hele bestaan en al sy funksies altyd na sy Goddelike oorsprong soek; dat dit SELF HOMSELF nie kan ken nie behalwe IN RELASIE TOT GOD.

B.c.iv WAT Sê NOU DIE HEILIGE SKRIF OOR DIE SELF? Die kern van die mens is sy HART; dit is die mens se religieuse sentrum. Die HART is die verborge speler wat ook speel op die orrel (klavier)? van die teoretiese denke. Die hart (wat tyd en verskeidenheid transendeer) is die GROND VAN DIE SINTESE (bewerkstellig die sintese) VAN DIE TEORETIESE met die NIE-TEORETIESE (die psigiese, die biotiese, ens.).

B.c.v Ons het gesien DAT DIE STRUKTUUR VAN DIE DENKE (self sy Gegenstandsrelasie met sy twee terme: die teoretiese en die nie-teoretiese) 'n TRANSENDENTE PUNT VEREIS waarvan die SINTESE van die teoretiese met die nie-teoretiese – BEWERKSTELLIG KAN WORD. EN ONS SIEN NOU, dat hierdie TRANSENDENTE PUNT die hart is.

B.c.vi Wysbegeerte wat van denkoutonomie uitgaan (een van die twee terme van die Gegenstandsrelasie) onkrities is en 'n dogmatistiese dwaling. Die denke is nie outonoom nie. Maar die teoretiese denke moet sy oog rig op sy presupposita. Die SELF, DIE HART, is so 'n presuppositum waarsonder teoretiese denke nie moontlik is en nie die struktuur (Gegensrelasie) kan hê wat dit het nie. Hier moet teoretiese denke toestem DAT WARE SELFKENNIS ONMOONTLIK IS d.m.v. 'n SUIWERE TEORETIESE ONDERSOEK (hier speel bv. religieuse geloof 'n rol) EN DAT DIE TEORETIESE ONDERSOEK DIT MOET ERKEN AS DIT WERKLIK KRITIES WIL BLY. Wie hierdie grense van TEORETIESE KENNE nie erken nie, is onkrities.

Hoofstuk III: The religious motives of western thought and the idea of law

LEES: Dooyeweerd: REFORMATIE EN SCHOLASTIEK pp. 1-64.

1. Ons het gesien dat die teoretiese denke 'n transendente uitgangspunt vereis, nl. die selfheid of hart van die mens en dat hierdie transendente punt religieus gerig is op God of apostaties op iets anders. Hier het ons die kontakpunt tussen wetenskap en religie (en hierdie kontakpunt maak Christelike wetenskap moontlik, mag ek byvoeg – lees Prof. Strauss se Christelike Wetenskap).
- 2.a Is hierdie (aan die teoretiese denke transendente) uitgangspunt die hart, die ware beginpunt van wysbegeerte? Nee, ons moet nog dieper delf om die ware beginpunt te vind. (Natuurlik word met hierdie uitgangspunt (die hart as uitgangspunt) in geestelike sin die radikale eenheid van die menslike individualiteit bedoel).

Sy uitgangspunte

- 2.b Hierdie individuele sentrum van die menslike bestaan leef in 'n geestelike (radikale, religieuse) gemeenskap. (Let op die gemeenskap gedagte).
- 2.c Bowendien is wysbegeerte produk van 'n sosiale taak (let op die gemeenskapsgedagte; wetenskap, wo. wysbegeerte is geen saak van individue nie, omdat die waarheid aan alle mense toekom en omdat wetenskap, wo. wysbegeerte, juis in onderlinge samewerking en beïnvloeding gebou word).
- 2.d 'n Geestelike gemeenskap is verbind deur 'n gemeenskap of gemeenskaplike gees.
- 2.e Hierdie gemeenskaplike gees is 'n geestelike dryfkrag en beheers die sentrum van ons bestaan, die hart.
- 2.f Hierdie dryfkragte (want verskillende gemeenskappe het verskillende religieuse bepaalde dryfkragte wat hulle beheers en lei) noem Dooyeweerd religieuse grondmotiewe.
- 2.g Nie die hart as individuele sentrum van die enkele mens (as geheel of as eenheid) is die beginpunt van wysbegeerte nie, MAAR HIERDIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEF. Hierdie religieuse grondmotief as gemeenskapsmotief domineer die denker of hy daarvan bewus is of nie. Die denker kan hierdie motief op sy individuele wyse omvorm, maar die motief wat hom lei is super-individueel.
- 3.a VIER groot religieuse grondmotiewe het die geskiedenis van die Westerse kultuur (en dus ook van wetenskaplike en wysgerige denke) beheers, nl.:
 1. Die van vorm en materie (die Griekse denke).
 2. Die van skepping, sondeval en verlossing. (Die Skriftuurlike denke).
 3. Die van natuur en genade (van die Rooms-Katolieke denke) en
 4. Die van natuur en vryheid (of soos ook gestel: die van wet en vryheid of die van wetenskapsideaal en persoonlikheidsideaal (van die moderne Humanistiese denke)).
- 3.b Drie daarvan (nl. 1, 3 en 4 hierbo) is dialekties van aard, omdat daarin twee onversoenlike religieuse motiewe met mekaar in stryd is; twee absolute instansies waarin die instansie in die ander 'n teëinstansie het waarmee dit nie tot 'n eenheid verbindbaar is nie.

Maar een daarvan (2 hierbo) is nie dialekties van aard nie, want net een absolute instansie word daarin gestel, nl. God die Absolute Oorsprong van alles wat is. Daarom het hierdie motief 'n integrale en radikale karakter sonder 'n innerlike onoorkombare teëstelling.
- 3.c Die religieuse dialektiese aard van die genoemde drie grondmotiewe is nie relatief nie, die antitese tussen beide motiewe in elk van hulle is absoluut, en laat geen teoretiese sintese ('n werklike teoretiese eenheid van die wysbegerige denke) toe nie.

Die religieuse antitese van hierdie drie motiewe vergoddelik (elk) sommige aspekte of dele van die geskape heelal en as een aspek of deel as absoluut gestel word dan verhef die rel. bewussyn die ander tot absoluutheid.

- 3.d Om hierdie religieuse antitese, d.m.v. outonome dialektiese denke (soos by Heraklitus en Hegel probeer doen) te oorbrug is onkrities. Die religieuse antitese kan slegs oorwin word deur die motief (insover dit geheel of gedeeltelik afvallig, afgodies, is) te oorwin deur die grondmotief van die ware godsdiens van Openbaring (H.G.S.).
4. DIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEF VAN DIE GRIEKSE DENKE VAN VORM EN MATERIE: Oorsprong van die botsing is die twee godsdienste, die ouere (wat met die materiële moment korrespondeer) en die jongere (Olimpiese) (wat met die vorm-moment van die grondmotief korrespondeer). LEES VERDER SELF. (KENNIS HIERVAN WORD VEREIS).
5. DIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEF VAN DIE CHRISTELIKE DENKE. LEES VERDER SELF. KENNIS HIERVAN VEREIS. Hierdie grondmotief volg die lyn van Augustinus deur Calvin tot ons huidige Calvinistiese Wysbegeerte.
6. DIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEF VAN NATUUR EN GENADE VAN ROOMS-KATOLISISME. LEES VERDER SELF. KENNIS HIERVAN VEREIS. Hieruit blyk dat die R.K. sinkretisme is wat Christelike denke met Griekse denke wil verenig.
7. DIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEF VAN NATUUR EN VRYHEID VAN DIE MODERNE HUMANISME (Dooyeweerd noem dit in sy WIJSBEGEERTE DER WETSIDEE I: die grondmotief van wete en vryheid en ook wel van wetenskapsideaal en persoonlikheidsideaal). LEES SELF. KENNIS VEREIS.
8. VAN HIERDIE 4 RELIGIEUSE GRONDMOTIEWE gee Dooyeweerd se REFORMATIE EN SCHOLASTIEK 'n breër en duideliker uiteensetting. KENNIS HIERVAN BELANGRIK.
9. HOE KAN DIE 4 RELIGIEUSE GRONDMOTIEWE DIE INNERLIKE PROSESSE VAN TEORETIESE DENKE BEHEERS?

Dit geskied deur teoretiese transendentale idee, wat die subjektiewe antwoord is op die transendentale basiese probleme wat ons hierbo geformuleer het. Hierdie idee rig die teoretiese denke op sy veronderstellings.

MAAR ONS MOET TUSSEN BEGRIP EN IDEE (TRANSENDENTALE) onderskei. Die begrip laat ons tussen die aspekte van die werklikheid onderskei (d.w.s. tussen die modaliteite of wetskringe). MAAR DIE IDEE konsentreer die teoretiese denke op hul (d.w.s. die aspekte se) radikale eenheid en uiteindelijke Oorsprong.

Nou kry elke begrip van die onderskeie aspekte (of wetskringe, modaliteite) te doen met 3 bepalinge, m.a.w. is elke begrip gefundeer in drie ideë, nl.:

- (a) die idee aangaande hul onderlinge samehang; want elke onderskeiding van die aspekte (modaliteite) veronderstel 'n gemeenskaplike noemer op grond waarvan hulle onderling vergelykbaar is;
- (b) die idee van hul radikale eenheid, wat so 'n vergelyking moontlik maak; en
- (c) die idee van hulle Oorsprong, wat weer deur die idee van hul radikale eenheid vereis word.

HIERDIE DRIE IDEË IN HUL ONDERLINGE VERBONDENHEID SAAMGEVAT noem ons DIE WETSIDEE van die betrokke wysgerige sisteem. (GROND VAN NAAM VAN DOOYEWEERD SE WYSBEGEERTE: WYSBEGEERTE DER WETSIDEE).

Hierdie idee het 'n TEORETIESE KARAKTER omdat dit verbind is met die antitetiese relasie van teoretiese denke. MAAR DIE INHOUD VAN HIERDIE IDEE word bepaal deur die RELIGIEUSE GRONDMOTIEF en sy KARAKTER is SUPERTEORETIES.

Kant (deur sy onkritiese vooroordele) het nie die WETSIDEE van sy eie Kritiek van die Suiwere Rede ingesien nie, die wetsidee wat bepaal is deur die religieuse grondmotief van natuur en vryheid.

'N KRITIESE STUDIE VAN DIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEWE (en daarmee van die transendentale ideë deur die grondmotiewe bepaal) en van hul invloed op teoretiese of wetenskaplike denke, laat ons 'n dieper insig in die geskiedenis van die wysbegeerte verkry. Hier kan ons die fundamentele wortels van wetenskaplike denke ontdek, wortels wat deur teoretiese maskers (bv. die dogma van die outonomie van die rede) toegedek was. HIER IS OOK DIE ENIGSTE WEG GEGEE OM 'N WERKLIKE KONTAK OF GESPREK TE VERSEKER TUSSEN DIE VERSKILLENDE WYSGERIGE SKOLE, iets wat vandag nog onmoontlik lyk op grond van die gebrek van 'n juiste insig in die ware beginpunte van wysgerige denke.

KRITIESE OPMERKINGS OOR DOOYEWEERD SE 'TRANSCENDENTAL PROBLEMS OF PHILOSOPHIC THOUGHT'

EERS KORREKSIES VAN VOORGAANDE: LET WEL ----- NIE GETIK NIE !!!!

1. Dooyeweerd volg die transendentaal-kritiese metode (verduideliking by Dooyeweerd vind u op bl. 25, reëls 10-25 en in my weergawe van Dooyeweerd in hierdie aantekeninge op bl. 1 reëls 1-5 van onder).

Ek volg die fanerokritiese metode (verwant aan die openbaringsmetode van Bavinck en Hepp). My aantekeninge 'Inleiding tot enkele kenteoretiese probleme' (vanaf die begin met sy drie skemas tot die end van 'Geloof as grondslag van kennis') gebruik die fanerokritiese metode. Hierdie metode begin met die geopenbaarde en die verhouding van die mens as kenner tot die geopenbaarde.

Verkortings: tr.kr.m. = transendentaal-kritiese metode.

fan.kr.m. = fanerokritiese metode.

Die verskil tussen beide metode kan as volg gestel word: Kennis het twee pole: die ek wat dink (en ken) EN die kenbare (dit waaroor gedink word).

Die transendentaal-kritiese metode begin met die eerste pool, nie soseer met die ek wat dink nie, maar met die denke (en sy struktuur).

Die fanerokritiese metode begin met die tweede pool, die kenbare, die geopenbaarde, die openbaring.

Die transendentaal-kritiese metode wil van 'n ondersoek van die struktuur van die denke tot die voorwaardes daarvan kom.

Die fanerokritiese metode wil vanuit die openbaring verstaan wat kennis is en hoe die mens tot kennis kom.

2. MET BEIDE METODES KAN AANGETOON WORD DAT MENSlike KENNIS (en/of WETenskap) ONSELFGENOEGSAAM IS, DAT DIE BEGINSEL VAN OUTONOMIE VAN DIE REDE VERWERPLIK IS EN DAT KENNIS (en/of WETenskap) RELIGIEUS GEFUNDEERD IS EN DAAR GEEN RELIGIEUS-NEUTRALE KENNIS (en/of WETenskap) BESTAAN NIE EN DAT DIE RELIGIEUSE UITGANGSPUNT NIE WETenskapLIK BEWYS KAN WORD NIE ASOOK DAT ALLE “-ISMES” (verabsoluttering of selfgenoegsaamstelling van die onselfgenoegsame; vergoddeliking van die kreatuurlike) VERWERPLIK IS, ENSOVOORTS, ENSOVOORTS. Vgl. Dooyeweerd se boek en my aantekeninge oor Kenteorie.

3. Watter van die twee metodes is die fundamentele en watter die aanvullende?

Dooyeweerd: “The Transcendental critique of philosophic thought is, to be sure, the ultimate theoretical foundation of philosophy. (An New Critique of Philosophical Thought, I., bv. 544). Dooyeweerd sê nêrens dat hy ons die openbaringsmetode gebruik nie, al spreek hy wel van skriftuurlike openbaring.

M.i. is die fanerokritiese metode die fundamentele metode vir die wysbegeerte en ook vir die kenteorie. Deur openbaring weet jy Wie God, wie die mens en wat die wêreld is (die fanerokritiese metode het betrekking op die Skrifopenbaring asook op die ‘natuur’- of skeppingsopenbaring); eers daarna kom menslike kennis ter sprake as ‘n gegewe binne Gods skepping wat God, mens en wêreld veronderstel, en eers nadat hierdie verband van kennis van God, mens en wêreld ingesien is, kan die transendentale metode aanvullende diens doen.

4. Dooyeweerd kan self nie sonder die fanerokritiese metode klaarkom nie; hy gebruik dit implisiet, al glo hy net die transendentaal-kritiese metode gebruik. Want:

(a) hy begin met die naiewe ervaring as ‘n gegewe (in ons terme: as ‘n geopenbaarde). Van hierdie gegewe (resp. geopenbaarde) onderskei die mens die aspekte, en van hierdie gegewe (resp. geopenbaarde) abstraher die wetenskaplike sy veld van ondersoek en vorm hy Gegenstände.

(b) Nadat hy aangetoon het dat die SINTESE van die logiese en die nie-logiese nie in een van die twee pole (bv. die logiese en die psigiese of biotiese) gegrond kan wees nie, maar voltrek moet word deur ‘a hidden performer’ wat beide pole transendeer, stel hy dat die hart hierdie ‘hidden performer’ is. Hy weet dat dit die hart is omdat hy dit met die fanerokritiese metode uit die Heilige Skrif kry. (Vgl. Wijsbegeerte der Wetsidee, I, bl. VI boaan). Dat die ‘hart’ die sintese bewerkstellig het Dooyeweerd nie met die transendentaal-kritiese metode gekry nie.

(c) Dat die hart religieus bepaald is, op God of van God af gerig is, bied die fanerokritiese metode hom en nie die transendentaal-kritiese metode nie.

(d) Hy noem die Heilige Skrif die absolute norm. Dié insig is ook nie deur die transendentaal-kritiese metode verkry nie, maar deur die fanerokritiese metode (of beter: deur geloof).

(e) Hy beroep hom op die Skriftuurlik gegewe religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing. Ook hierdie beroep is nie met die transendentaal-kritiese metode moontlik nie, maar slegs met die fanerokritiese metode (beter: geloof).

Uit dit alles blyk dat die transendentaal-kritiese metode nie die fundamentele metode vir die wysbegeerte kan wees nie, in elk geval nie vir Dooyeweerd se wysbegeerte nie.

5. Daar is verskillende lakunes in Dooyeweerd se kenteorie wat hy eers moet opvul voordat ons ‘n werklik kritiese oordeel oor sy kenteorie kan uitspreek.

- (a) Hy gee 'n kenteoretiese analise van teoretiese, d.w.s. WETENSKAPLIKE denke. Maar hieraan behoort vooraf te gaan 'n analise van 'naiewe' of voorwetenskaplike kennis en denke. Dit gee Dooyeweerd nie. Die fanerokritiese metode begin hiermee.
- (b) Is dit die hart of die logiese wat m.b.t. naiewe ervaring onderskei (die eerste gegewe) en wat van die naiewe ervaring die velde van ondersoek abstraher en Gegenstände vorm? Die onderskeiding en abstraksie veronderstel twee pole (net soos die SINTESE) en moet dus die hart wees, terwyl die Gegenstandsvorming deur die denke kon geskied. Dooyeweerd behoort hier die ontbrekende analises aan te vul.
- (c) DAT die hart 'n SINTESE bewerkstellig tussen die logiese en die nie-logiese en dit kan doen omdat volgens Dooyeweerd die hart die verskeidenheid transendeer (iets wat hy nie bewys nie), toon hy aan; maar HOE dit moontlik is en HOE dit geskied en WATTER verborge (waarskynlik onoplosbare) probleme hierin verskuil is, sê hy nie.

6. Dooyeweerd stel dat hy die 'inner point of connection' tussen religie en wetenskap gevind het deur aan die een kant die hart te sien as 'hidden performer' van die sintese van die logiese en nie-logiese en deur aan die ander kant die hart in sy religieuse betrokkenheid op God (gelowig of in afval) te sien. Hier sit diep waarheid in. Maar die fanerokritiese metode leer ons sien dat die verband tussen God en mens en wêreld universeel is, dat álles wat God geskape het aan God behoort, onselfgenoegsaam is, deur Hom in stand gehou word en onder Sy wet staan en wat ons vorming van kennis betref dat alles wat Gods skepping kenbaar is, openbaring, vraag en roeping aan die mens is en as sodanig ook 'n wetenskaplike 'point of connection' tussen religie en wetenskap is. Dooyeweerd se 'inner point of connection' veronderstel en wortel in ons universele 'wesentlike point of connection' (vgl. in my artikel Koers, Augustus, 1956, die onderskeid van godsdienste, religieus en taal??).
7. Met verwysing na 5(a) gaan Dooyeweerd se onderskeiding tussen naiewe en teoretiese (=wetenskaplike) denke m.i. nie op nie. Terminologies is m.i. álles denke (die naiewe of voorwetenskaplike en die wetenskaplike) TEORETIES. Maar dit daargelate. Alle denke (dus ook die naiewe of voorwetenskaplike) is onderskeidend, uiteenstellend, distaties, abstraherend en teenoorstellend, want álles denke (en ook kenne, natuurlik) is 'n intellektuele, begrippe en oordele vermengde, afleiding makende heerskappy (gegrond in 'n aan die openbaring deelnemende, en as sodanig antwoordende geloofsoorgawe en is in sy roepingsvervullende diens aan God). Ek gee net een voorbeeld. Ek wys 'n seuntjie na 'n plek op 'n muur in my studeerkamer en sê: "MUUR". Na herhalings vra ek hom "WAAR MUUR?" en hy wys met sy vinger na die plek en sê: "DA MUUR". Die middag vra ek hom voor mense in die sitkamer: "WAAR MUUR?". Hy neem ons algar na die studeerkamer en wys op dieselfde plek: "DA MUUR". Die volgende dag bring ek hom na al die kamers en sê heenwysend: "DAAR MUUR". Daarna het hy enige muur "MUUR" genoem. Toe ons daarna gaan wandel wys hy na elke huis en ook in 'n ander huis na mure en sê telkens "DA MUUR". Hierdie logiese begrip "muur" waarmee sy denke nou opereer is 'n algemene begrip uiteenstellend, abstraherend, distaties, teenoorstellend gevorm.

Dooyeweerd se onderskeiding van wetenskaplike en voorwetenskaplike denke tref die eintlike verskil tussen beide nie, (vgl. my onderskeiding in Beginsel- en Metode Leer gegee).

8. Dooyeweerd se laaste antwoord op wat kennis is, is SINTESE. Dit is die gevolg van sy metode. Ook vir Kant (wat dieselfde metode volg) is dit SINTESE. Met die fanerokritiese metode is die laaste antwoord: aan die openbaring oorgewende DEELNAME aan die kenbare. Eers op grond van die deelname mag ons vra in hoeverre sintese as MIDDEL dit moontlik maak. By ons is grond van kennis 'antwoordende geloof' by Dooyeweerd menslike sintese. By ons geld as eerste kenprinsipe: "Credo ut intelligam". Wat kan Dooyeweerd met sy transendentale-kritiese metode hiermee aanvang? By ons is in die DEELNAME transendensie van die kennende tot die kenbare (soos geopenbaar) en ingressie van die kenbare in die kenne (sonder dat beide identies word) gegee. Maar Dooyeweerd bly in mensgemaakte GEGENSTÄNDE vassteek en kan solank hy daarin

vassteek nooit tot ware transendensie tot die geopenbaarde en kenbare SELF kom nie. By ons moet alle abstraksie terugkeer tot die oorspronklik gegewe en mag ons nie geheel en al by die abstraksies bly staan nie. Is so iets by Dooyeweerd moontlik? Slegs wanneer die tr.kr.metode as hulpmetode by die fanerokritiese metode gebruik sou word, is so iets wel moontlik. Maar daarmee moet die transendentiaal-kritiese metode die prerogatief wat dit by Dooyeweerd het, prysgee.

9. Dooyeweerd toon aan hoe 'ismes' moontlik is. Met transendentiaal-kritiese metode mag hy kan aantoon hoe logisme moontlik is (verabsoluttering van logiese denkpoo). Maar kan hierdie metode aantoon hoe psigilogisme, vitalisme, ens. moontlik is? Tog nie; want die beginsel van universaliteit hier verkry het hy NIE deur die tr.kr.metode ontdek nie; sy wetskringleer is immers geen kenteorie nie. Met die fanerokritiese metode is dit egter wel moontlik. Maar dan is Dooyeweerd se 'isme'-verklaring nog t eng; want ismes word nie net i.v.m. modaliteite- verabsoluttering gevorm nie, maar ook gevorm in die dimensie van individuele en sosiale strukture (humanisme, individualisme, liberalisme, nasionaal-sosialisme, fascisme, kommunisme, kerkisme, staatsabsolutisme, ens., ens.), en ook in die van gebeurtenisse en in die van waardes. In elk van die dimensies geld (by elk op verskillende wyses) die beginsel van samehang (universele verbondenheid) van die betrokke verskeidenheid en dit is hierdie samehang of verbondenheid by elk wat 'ismes' moontlik maak en nie net die universele samehang (universaliteit in eie kring) van die modaliteite nie.
10. Vgl. my aantekeninge oor Dooyeweerd (hiërdie aantekeninge) bl. 3, B. en vervolg. Dooyeweerd sê: selfkennis maak 'n integrale en wel sintetiese visie van die onderskeie aspekte moontlik. Dit is eensydig en te eng gestel. Dit hang saam met Dooyeweerd se sentrum-funksie-denkbeeld (vgl. my artikel in Koers, Augustus 1956). Hierby moet kom: geloof aan die Onsienlike as grondslag van kennis (sien my aantekeninge) en dit is meer fundamenteel as selfkennis; tweedens geloof aan die wêreld as SKEPPING Gods soos in Sy Woord geopenbaar; derdens die universele verbondenheid van alle kreatuurlike verskeidenheid soos in Gods Woord en in Sy skepping gegee. Hierdie eenheidsbeginsels (vgl. my artikel in Koers, Augustus 1956) vorm volgens fanerokritiese metode die moontlikheid om 'n eenheids- en totaliteitsblik oor die kosmos te kry en om wat daar is samehange geopenbaar is in ons denke as sintese saam te vat.

Strik geneem laat Dooyeweerd se tr.kr.metode net toe die SINTESE van die logiese met die nie-logiese; MAAR BV. DIE SAMEHANG (en daarmee in ons denke die sintese) VAN AL DIE KREATUURLIKE VERSKEIDENHEID (stof, plant, dier, mens; natuur, kultuur, godsdiens; die modale verskeidenheid; die strukturele verskeidenheid; die verskeidenheid van gebeurtenisse; die verskeidenheid van waardes; ens., ens.) kan m.b.v. die transendentiaal-kritiese metode nie verkry word nie, maar wel m.b.v. fanerokritiese metode. Insover Dooyeweerd tog die samehang van bv. die modale verskeidenheid wil verduidelik gebruik hy nie die transendentiaal-kritiese metode nie, maar die fanerokritiese metode

11. Vgl. hierdie aantekeninge van my oor Dooyeweerd bl.4., B.c.ii. Idee van SELF en vang God korreleer. Korrek, maar ook eensydig weens Dooyeweerd se sentrumfunksie-denkbeeld. In alle wysbegeertes en ook in die van ons is dit ook opvallend (a) hoe opvatting van God en wêreld korreleer, (b) hoe opvatting van mens en wêreld korreleer en (c) hoe opvatting van kennis EN van God, wêreld en mens korreleer. Hierdie korrelasies (asook die van Dooyeweerd, nl. Self en God) is m.b.v. die fanerokritiese metode en nie met die van die transendentiaal-kritiese metode verkrygbaar nie.
12. Belangrik Dooyeweerd se leer van religieuse grondmotiewe, hul religieus, sosiale basis, ens., ens., asook hul invloed op die wetenskaplike denke en die dialektiese karakter van sommige, MAAR ons behoort by elke wysgeer in 'n bepaalde tydperk en geestelike milieu uit sy werke sy religieuse grondmotief te ontdek. Dit is 'n skematiserende ooreenvoudiging om bv. vir die hele Griekse epog net EEN religieuse grondmotief te stel en ALLE Griekse denke hiervolgens te analyseer. Invloed van die Ooste en selfs van Palestina en Egipte op die Griekse kultuur maak dit baie waarskynlik dat in die Griekse wysbegeerte by verskillende denkers en miskien selfs by een en dieselfde denker verskillende religieuse grondmotiewe werksaam was. DIESELFDE GELD

MUTATIS MUTANDIS VIR DIE MIDDELEEUSE (vir die Rooms-Katolieke, vir die Skolastiese) WYSBEGEERTE EN VIR DIE MODERNE HUMANISTIESE WYSBEGEERTE. Om bv. by laasgenoemde natuur en vryheid óf wet (wetenskapsideaal) en vryheid (persoonlikheidsideaal) as enigste fundamentele religieuse grondmotief te aanvaar, terwyl verskillende wysgere in hierdie tydperk hoogswaarskynlik deur ander fundamentele religieuse grondmotiewe gelei is, is 'n gevaarlike generalisasie. Ek herhaal: dit is 'n ooreenvoudiging om vir 'n bepaalde epog en gebied NET EEN FUNDAMENTELE religieuse grondmotief op te stel; die religieuse grondmotief van 'n denker moet by elke denker de novo uit sy werke ontdek word.

13. As Dooyeweerd bv. by die Grieke 'vorm en materie' en by die moderne wysbegeerte 'vryheid en wet' óf 'vryheid en natuur' as religieuse grondmotiewe vind, en hierdie vinding toeskryf aan die transendentiaal-kritiese metode, dan gebruik hy hierdie metode in twee betekenisse. (a) Ek ondersoek selfkennend die struktuur van die (i.c. 'my') denke om tot die voorwaardes daarvan te kom. (Hoofstuk II van Dooyeweerd se boek). (b) Ek ondersoek die wysbegeerte (bv. van die Grieke of van moderne wysgere) om uit hierdie wysbegeertes te vind wat die struktuur van hierdie denke bepaal het. (Hoofstuk III), (a) is 'n ondersoek van die denke as sodanig. (b) is 'n ondersoek van sisteme, wysgerige stelsels, produkte van denke. Vir (b) het ek die fanerokritiese metode nie nodig nie; vir (a) wel (vgl. punt 4 van die kritiek op Dooyeweerd). Hierdie tweërlei gebruik van die transendentiaal-kritiese metode moet skerp onderskei word, as mens nie in verwarring wil verval nie.
14. Nieteenstaande bostaande kritiek bied Dooyeweerd in sy transendentiaal-kritiese analise van die wetenskaplike denke en veral ook in sy skerpsinnige kritiek op die postulaat van die outonomie van die rede en op sieninge van andersdenkendes besonder waardevolle en ware insigte. U kan hulle self vasstel.
15. Daar is nog meer kritiese opmerkings moontlik, maar bostaande is genoeg vir ons doel.

H.G. STOKER

Bron: HG Stoker CD, hier verkrygbaar: http://vcho.co.za/publ/HG_Stoker.htm